Da

Hou duim op pols van fondse

ADRI VAN ZYL IN JOHANNESBURG
adri.vzyl@sake24.com

Lede van pensioenfondse plaas oormatige vertroue in hul pensioenfonds om ná aftrede in hul behoeftes te voorsien.

Luidens die jongste Aftreefondsmonitor van Ou Mutual meen lede van pensioen- en voorsorgfondse dat die fonds ná aftrede in 60% van hul finansiële behoeftes sal voorsien.

Dié mense verwag waarskynlik te veel van hul pensioenfondse, veral as hulle pensioenvoordele onttrek het as hulle van werk verander het, sê mnr. Craig Aitchinson, besturende direkteur van Ou Mutual Aktuarisse en Konsultante (Omac).

Die oordrewe verwagtinge blyk voorts uit ander onrusbarende feite wat uit Omac se navorsing aan die lig gekom het.

Terwyl lede groot vertroue het in hul fondse, blyk dit dat net 48% van alle pensioenfondse maatreëls volg om seker te maak dat lede genoeg spaar.

Mnr. Hugh Hacking, hoof van sambreelfondse by Ou Mutual Korporatief, sê dit is moontlik een van die hoofredes waarom so baie mense nie genoegsame voorsiening maak vir aftrede nie.

Lede van pensioenfondse se siening oor hoeveel hulle tot die fonds moet bydra om gerieflik te kan aftree, is ook misplaas.

Uit die Aftreefonds-monitor blyk dat die 65% van respondente wat weet watter persentasie van hul salaris tot die fonds bydra, hopeloos te min bydra.

Meer as die helfte van mense wat aan pensioenfondse behoort (53%) dra tussen 6% en 10% by tot die pensioenfonds en 44% minder as 5% van hul salaris.

55%

van alle lede van pensioen- en voorsorgfondse weet nie wie die beleggings in die *fonds bestuur nie*

Dié mense gaan nie genoeg geld uit hul aftreefonds kry om gerieflik te kan aftree nie.

Die 17% van alle lede wat tussen 16% en 20% van hul salarisse tot aftrede bydra, behoort genoeg te hê, mits hulle dié bydrae vir 40 jaar volhou.

Vir die meeste mense is dit nie die geval nie; altesame 52% het aangedui dat hulle die volle pensioenvoordeel al in kontant onttrek het toe hulle van werk verander het.

Ten spyte van die lae bydraekoers onder die meeste lede meen 62% dat hul bydrae goed genoeg is om finansieel onafhanklik te kan aftree.

Nog 'n kommerwekkende tendens onder lede van pensioenfondse is dat hulle nie self verantwoordelikheid aanvaar vir hul pensioenfonds nie.

Aitchinson sê baie min lede besef dat die verskuiwing van vastevoordeelfondse na vastebydraefondse die verantwoordelikheid vir aftreevoorsiening – en die risiko van te min spaar vir aftrede – aan die lid oorlaat.

Dat lede die belangrikste besluite rakende die pensioenfonds aan die trustees en die fonds oorlaat, blyk daaruit dat 55% nie weet wie die aftreefonds bestuur nie en 58% nie weet waar hul geld belê is nie. Dit word klaarblyklik aan die trustees oorgelaat, terwyl 50% van alle lede nie eers weet wie die trustees van hul fonds is nie.

58%

van alle lede van pensioen- en voorsorgfondse weet nie waar hul geld belê is nie

"Dit beteken mense vertrou hul geld toe aan iemand wat hulle nie ken nie, en weet nie wat hulle daarmee doen nie," sê Aitchinson.

Amper die helfte van die pensioenfondse bied aan die lede die opsie om self hul beleggings te kies, maar weer eens is lede besonder onbetrokke.

Uit die navorsing onder fondse self blyk dat 68% van alle lede steeds die verstek-opsie kies en net 13% reageer op die korrespondensie wat hulle van die fonds ontvang.

Uit die navorsing onder lede blyk dat die verstek-opsie gekies word omdat hulle dink dit is die beste (41%) en die res (25%) weet nie wat om te doen nie. Wat ook kommer wek, is dat 22% van lede nie onthou of hulle wel hul opsies uitgeoefen het nie.

Die lesse vir lede van pensioenfondse is dat hulle groter verantwoordelikheid moet aanvaar vir hul beleggings en nie staatmaak op ander om ná aftrede in hul finansiële behoeftes te voorsien nie.